DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Redaksioneel

TEGNOLOGIE

Nuwe tegnologie bring baie veranderinge. Nuwe tegnologie hou baie voordele in, daar is baie geld en tyd aan spandeer, en dit is die vrug van jare se navorsing. Maar meestal besef die mens nie altyd watter gevolge dit sal of kan hê nie.

Neem die voorbeeld van die rekenaar. Dit is 'n wonderlike uitvinding want dit kan in 'n wye spektrum aangewend word. Jy kan dit gebruik as 'n woordverwerker, of gebruik om virtuele omgewings te skep, om nie te praat van die sukses wat al bereik is met kunsmatige intelligensie nie.

Maar hoe baie werksure gaan vandag verlore as gevolg van die rekenaars wat af is? Baie keer hang die "af wees" net van 'n enkele draadjie af - om nie van elektrisiteit te praat nie. Rekenaars het by baie plekke al 'n noodsaaklikheid geword.

Nie dat die afhanklikheid op sigself verkeerd is nie, maar eerder die gesindheid van die gebruikers. Baie klerke is nie bereid om jou te help *"omdat die stelsel af is"*, al is dit baie keer moontlik om op alternatiewe maniere reg te kom. Hoeveel keer word ons verantwoordelikheid nie totaal op die tegnologie geplaas nie?

Wat die tendens in ons samelewing nog vererger is die gebrek aan belangstelling. Omdat alles deesdae elektronies gebeur, en jy net met 'n masjien werk, doen ek my werk hierdie kant van die "cyberspace", en gee glad nie om wat daarmee gebeur nie. Om dit konkreet te maak: Hoeveel keer het dit nie al met jou gebeur dat jy vir iemand iets stuur, die boodskap êrens in die wêreld verdwaal, en die persoon twee weke later ongeduldig vir jou weer dieselfde versoek stuur nie?

Hoe maklik is dit nie om 'n masjien of infrastruktuur die skuld te gee nie. As daar werk nie gedoen is nie, word die skuld gegee aan die bedieners (*servers*) wat af was. Maar was die oorspronklike verantwoordelik nie by jou, wat die boodskap gestuur het? Is die tegnologie wat jy gebruik nie net 'n medium nie?

So-ook het dit al menigmale ook by ons as redaksies van die Olielamp gebeur. Dit is terloops ook die rede hoekom hierdie uitgawe 'n bonus-uitgawe is…

Gerhard Bijker

INHOUD

Uit die Woord	Word die Bybel outyds en nutteloos?	Ineke Roose	2
	Kan ons ons Sondae verloor?	J Bruning	3
Oppad	Is jy werklik 'n student?	Herman de Jager	4
	Kort verslag van die openingsvergadering van die studentevereniging	Dirk Boon	5
	Van Dordrecht tot vandag	Willemien Kleyn	6
Voel jy ook so?	Bejaardheid -Seën of straf?	Annet Lubbinge	7
	Kindermisdaad - probleem van ons samelewing?	Anita Zielman	9
	Mense	Dirk Boon	9
	Persoonlike politiek… of Christus?	Dirk Boon	10
Reaksie	Kongres en getuienis: Reaksie op reaksie	Jaco de Wet	11
Pretoria	Voetspore		12
Algemeen	Verjaarsdae		12

WORD DIE BYBEL OUTYDS EN NUTTELOOS?

Ineke Roose

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid," - 2 Timótheüs 3:16

Dit word deesdae al hoe meer algemeen in "Christen"-kringe om die Bybel as outyds en nutteloos te bestempel. Vir hulle is die Bybel 'n boek wat nie meer van toepassing op vandag se samelewing is nie. Die Bybel, en veral die Ou Testament, pas ook nie in hul prentjie van 'n God van liefde in nie. Vir hulle is die persoonlike verhouding met God baie belangriker as die Bybel self. Is hule reg? Is die Bybel rêrig so verouderd soos wat hulle beweer?

As ons bogenoemde teks lees is dit wel duidelik dat die Bybel nie outyds of nutteloos kan word nie. Daar staan duidelik dat die hele Bybel deur God self ingegee en geïnspireer is, en dus altyd nuttig bly, en nie soos boeke van mense outyds en uit die mode kan raak nie.

Maar watter nut het die Bybel dan? Die antwoord kry ons ook in 2 Timótheüs 3:16. Uit die vers leer ons in die eerste plek dat dit nuttig is tot lering. Dit beteken dat die Bybel gebruik kan word in die verkondiging van die Evangelie. Daarom word daar ook elke Sondag uit die Bybel gepreek, en word die Bybel as grondslag op katkisasies en verenigings gebruik.

Ten tweede leer ons dat die Bybel nuttig is tot weerlegging. Dit beteken dat die Bybel gebruik kan word om dwalings te bestry. Die eerste twee gaan egter hand in hand, want 'n mens moet eers goed die Bybel ken om dwalings uit te kan ken en te bestry.

Ten derde is die Bybel nuttig tot teregwysing. Dit beteken dat jy jou medegelowiges wat afgedwaal het, reg kan help deur hulle in die skrif te wys waar hulle verkeerd is.
Alles hierbo word daarna saamgevat met die woorde: *"tot onderwysing in die geregtigheid"*. Met geregtigheid word hier 'n lewenswandel wat in ooreenstemming met die wil van God is, bedoel. Wie in die Skrif onderrig is, sal op godsdienstige en sedelike gebied goed kan onderskei wat reg en verkeerd is.

Hierdie een vers (2 Tim. 3:16) bewys dat die Bybel nog van toepassing op vandag is en nie outyds of nutteloos geword het nie. En al is die Bybel duisende jare oud, dit is nog steeds elke dag van groot nut vir ons.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Rinus Kamphuis
Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@ef.techpta.ac.za)
Penningmeesteresse: Cora Visser
Sekretaresse: Anneke de Jager
Lede: Annemarie de Vente & Margreet Bron

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting &
Christine van der Linden
Sekretaresse: Margreet Moes
Finansies: Jaco Haak
Lid: Erik van Alten

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Bijker Broers (krokkie@easy.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35 per jaar

KAN ONS ONS SONDAE VERLOOR?

(Vertaal uit die "Clarion – Gereformeerde leesblad van Canada")

J. Bruning

Daar is sommige dominees in ons susterkerke wat beweer dat die vierde gebod ons nie langer belet om ons daaglikse werk op Sondae te doen nie. Hierdie verbod op werk was slegs bedoel vir die mense van die Ou Testament. Die dominees rederneer so ondanks die duidelike gevaar dat werk op Sondae kan inmeng met die kerkdienste en die aanbidding van God. Ook voel hierdie predikante dat 'n mens nie vir 'n broer of suster kan sê dat hy/sy nie mag werk op Sondag nie, alhoewel werk op Sondae baie keer kan inmeng met die kerkdienste en die aanbidding van God.

Die ongehoorsaamheid aan die vierde gebod neem deesdae baie toe in ons samelewing. Dit is baie duidelik sigbaar soos bv. die wetgewing wat Sondagarbeid toelaat. Baie plekke voorsien ontspanning en vermaak op Sondae, en die handeldryf neem baie toe.

Baie van die Sondae word deur ons samelewing gewy aan die verafgoding/verering van Sondagsport. Duisende mense spandeer hierdie dag deur eerder op hoogte gehou te word van TV-programme of belangrike internet-inligting en vele meer as om hulle tyd te wy aan die Here. Nie net hulle nie, maar ook ons kan baie gou beïnvloed word deur een van hierdie dinge belangriker te ag as die diens aan die Here.

Daar is ook die verafgoding van die ontspanningstyd in ons samelewing. In ons kerke is daar ook broers en susters wat die naweek (Sondag inkluis) as 'n geleentheid sien om weg te kom van alles, insluitende die kerkdienste. Meer gereeld sien ons dat Sondae verander in vakansies weg van die kerk. Is hierdie aktiwiteite in ooreenstemming met die Bybel wat ons leer:
"Hou die belydenis vas… laat ons nie die onderlinge byeenkomste versuim nie, soos sommige die gewoonte het, maar laat ons mekaar vermaan" - Hebreërs 10:23,25 en soos in Sondag 38 *"… op die rusdag, sal ek ywerig die kerkdienste van God bywoon"* ?

As jou werkgewer nie kan ooreenstem met die Woord van God en hy nie tereg gewys word vir werk op Sondae nie, laat dit jou seker met die vraag of ons die Sondae kan verloor as 'n volle en werklike "rusdag" sodat "ek ywerig die kerkdienste van God bywoon". Op dieselfde manier misbruik ons die Sondag as ons belangstelling vir ontspanning voor die verering en aanbidding van God is en dan is daar die gevaar van die verlies van die Sondag in hierdie generasie of die volgende een.

Dit is jammer dat hierdie onderwerp aandag nodig het, terwyl ons kerke altyd nog bly glo dat die tien gebooie toepassing het op die Nuwe Testamentiese kerk. Vandaar is ons gehoorsaam aan die gebod om nie te werk op Sondae nie en ons dus te hou aan die vierde gebod. Dit is nie om te weier dat noodbelangrike werk toegelaat word nie.

"Onderhou die Sabbatdag dat jy dit heilig"
Hoe moet ons as Christene die Sondag heilig? Wil dit dan sê dat ons niks mag doen op Sondag nie? Nee, dit gaan daaroor dat elkeen sy daaglikse werk so moet inpas dat hy na ses dae se werk kan rus op die sewende dag. Daar bly dan nog steeds baie ander dinge oor wat jy kan doen op 'n Sondag, maar wat dit ook al mag wees, moet jy nog steeds kan agterkom dat dit Sondag is.

Verder is dit ook belangrik om voor te berei vir die Sondag. Daar is nog baie families wat Saterdae gebruik om alles in en om die huis skoon te maak, sodat almal teen die einde van die dag gereed is vir die Sondag. Eintlik is dit 'n baie mooi tradisie wat hierdie mense het.

Dit is simbolies van 'n ander en meer belangrike deel van voorbereiding: die persoonlike voorbereiding wat ons behoort te doen om gereed te wees om die Here die Sondagoggend te kan ontmoet. Sommige mense het daarom die gewoonte om die spesifieke Sondag uit die HK wat die volgende dag behandel word, te lees en te deurdink. Sekere dominees sorg dat dit by katkisasie ook dieselfde week behandel word. Om gereed te wees vir die Sondag, behoort ons nie elke Saterdag uit te gaan tot laat in die aand of vroeg die volgende oggend nie; dit is dan mos baie moeiliker om gekonsentreerd na die Woord van die Here te luister in die kerk.

Om goed voorbereid te wees vir die Sondag is deel van ons verantwoordelikheid om regtig *"God se Woord te hoor… en die HERE in my te laat werk deur sy Heilige Gees"* - Sondag 38.

IS JY WERKLIK ‘N STUDENT?

Herman de Jager

(Hierdie is die uitnodigingsartikel wat uitgedeel is voor die openingsvergadering van die Studentevereniging in Pretoria. In die volgende uitgawe hoop ons om ‘n weergawe van ds. Visser se praatjie oor “Is jy werklik ‘n student” te plaas.)

Glo jy alles wat jou dosent vir jou leer? Eet jy alle teorieë wat in die klas aan jou opgedis word op sonder om krities daaroor na te dink? Die wêreld doen hulle studies volgens reëls wat hulleself neergelê het. In hulle sienings hou hulle nie rekening met die Woord van God nie. Ons as studente word daagliks met hierdie sienings gekonfronteer.

Dit het hoog tyd geword om in al ons studies weer terug te kom na die Woord van God as basis van ons geloof. In die Bybel vind ons basiese riglyne vir ons studies en ons moet daarvolgens studeer. Ons moet as Christelike studente waaksaam daarvoor wees dat ons studiemateriaal nie in stryd is met die Woord van God nie. Daarvoor benodig ons die bril van die Bybel.

As gelowiges is ons deel van God se Koninkryk. Ons daaglikse studie en werk is deel van die opbou van sy Koninkryk. Daarom is dit baie belangrik dat ons moet leer insien hoe ons studies en ons studentelewe inpas by hierdie Koninkryk. In hierdie opsig moet ons dus met mekaar daaroor praat en mekaar ondersteun oor wat die beste manier is om hierdie Koninkryk te bou. Die Satan is magtig en wil ons selfs deur ons studies weglok van God. Daarom word elke student se ondersteuning, hulp en insig benodig. Julle word dus almal opgeroep om in groot getalle te kom.

Hoe gaan dit werk?

Die studentevereniging se aktiwiteite sal meerendeel fokus op studentesake en onderwerpe wat op studente van toepassing is. Ander belangstellende werkende mense of skoliere is egter ook baie hartlik welkom om die vergaderings by te woon. Omdat die studentevereniging meer sal fokus op studentesake, kan net studente lid word van die vereniging.

Die studentevereniging is verder glad nie van plan om allerhande ingewikkelde gesprekke te voer nie. Ons beoog om in die gesprekke te sorg dat almal (vanaf eerstejaars tot gevorderde studente) iets kan leer en werklik in die geloof opgebou kan word. Verder sal daar reguit op die punte van belang afgegaan word. Probleme sal aangespreek word wat ons as gelowige studente raak en waaroor dit belangrik is om meer van te leer.

Daar word verder beplan om die vergaderings op ‘n informele manier te hou. Die skoolsaal van die Johannes Calvyn laerskool sal vir die eerste vergadering gebruik word. Na afloop van die vergadering word daar beplan om lekker saam te ontspan (speletjies speel ens.). Alle studente se hulp sal benodig word om die vergaderings sowel as die ontspanning na die tyd ‘n groot sukses te maak.

Die studentevereniging is glad nie bedoel om die plek van jeugvereniging in te neem nie. Die doel van die JV is om gedeeltes uit die Bybel te bespreek. Die studentevereniging sal egter meer fokus op onderwerpe wat nie direk uit die Bybel uit kom nie, maar wat egter altyd die Bybel as basis sal hê en waarmee studente daagliks gekonfronteer word.

Die huidige bestuur is slegs ‘n voorlopige bestuur. Ons wil graag elke student motiveer om ‘n entoesiastiese en samewerkende lid te wees. Dit is dus ons doelwit dat die studente die bestuur self kies. Studente gaan later op gesamentlike basis geïdentifiseer word wat werklik vol entoesiasme is vir hierdie saak om op die bestuur te dien. Die huidige bestuur bestaan op die oomblik uit Dirk Boon, Herman de Jager, Henriëtte Ros, Arnoud van den Bout en Jan van Houwelingen.

Wanneer gaan ons begin?

Daar word beplan om ‘n vergadering een keer in ongeveer twee maande op Vrydagaande te hou. Dit behoort alle studente die beste te pas. Vir hierdie jaar is die volgende drie datums geskeduleer:

- Die eerste vergadering sal plaasvind op 23 Julie. Op hierdie vergadering gaan ds. Visser met ons

gesels oor die onderwerp: *Is jy werklik 'n student?* Die klem sal gelê word op die houding van 'n gelowige student te midde van sy medestudente en studiemateriaal.

- Die tweede vergadering sal plaasvind op 10 September (nie 30 September soos voorheen beplan is nie). Die onderwerp wat op hierdie vergadering bespreek gaan word sal op die eerste vergadering bekend gemaak word.

- Die derde vergadering sal gehou word op 26 November. Op hierdie vergadering sal daar 'n werkswinkel gehou word asook 'n verkiesing van die bestuur. Tydens hierdie vergadering sal daar vir alle studente die geleentheid gegee word om insette te lewer ten opsigte van die totstandkoming van die studentevereniging. Enige voorstelle vanaf studente vir punte wat op hierdie vergadering bespreek moet word is baie hartlik welkom. Die oorhoofse doel van hierdie werkswinkel is om die eienaarskap van die studentevereniging by die studente self te vestig.

Ons hoop dat julle in groot getalle sal opdaag, sodat ons almal saam 'n groot sukses van die studentevereniging kan maak. Dit is 'n roeping wat die Here aan ons gee om sy hele skepping te ontwikkel en te bewaar tot eer van sy Naam. Dit sluit ons studentelewe in. Ons is nie op die aarde geplaas om vakansie te hou nie. In Genesis 1: 28 het ons as kroon van God se skepping die kultuuropdrag ontvang - om die aarde wat God geskape het te ontwikkel. Dit beteken dus: speur na, ondersoek, vind uit, beoordeel, kyk krities na die wêreld en na onsself, delf in die skepping van die Here in alle opsigte om sy Naam soveel as moontlik groot te maak. As ons weet om alles tot eer van God te kan gebruik en in 'n Gereformeerde raamwerk te kan plaas, dan kan ons ten volle God se skepping geniet. Onthou: SOLI DEO GLORIA!

KORT VERSLAG VAN DIE OPENINGSVERGADERING VAN DIE STUDENTEVERENIGING OP 23 JULIE.

Dirk Boon

Na baie "brain-storming" en organiseerwerk kan ons terugkyk op 'n baie suksesvolle openingsvergadering van die Studentevereniging. Daar het 38 studente opgedaag (selfs 'n paar Johannesburgers)! Ons wil julle almal baie hartlik bedank vir die geesdrif waarmee julle opgedaag het. Ons wil verder aan ds. Visser 'n baie groot dankie sê dat hy bereid was om die openingsvergadering in te lei. Sy praatjie het 'n baie goeie fondament gelê vir dit wat verder in die vereniging gaan gebeur. En laastens (maar beslis die meeste) wil ons die Here daarvoor dank dat Hy die voorbereidingswerk geseën het, asook die openingsvergadering self. Dit is Hy wat sulke mooi dinge moontlik maak, deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

Die vergadering het om 19h30 begin (eintlik 19h45 omdat ±50% van die studente NA 19h30 opgedaag het!). Arnoud het met skriflesing en gebed geopen. Hy het Ps 111 gelees waar dit gaan oor die feit dat die vrees van die Here die beginsel van die wysheid is. Daarna het hy Efesiërs 6 gelees wat gaan oor die wapenrusting wat ons as gelowiges (en as gelowige studente) aantrek om te stry teen die Satan en om as soldate van Christus in hierdie wêreld op te tree. Ons het ook 'n paar verse van Ps 111 gesing.

Daarna het Dirk 'n kort oorsig gegee oor die redes vir die ontstaan van die studentevereniging.
Ons lewe naamlik in 'n tyd wat belangrik is om te verstaan in twee opsigte:
In die eerste plek is almal deesdae geneig om te luister na wat die "experts" of "wetenskaplikes" se antwoorde is op allerhande probleme en vraagstukke in die samelewing. Maar die oplossings wat hulle bied is nie altyd in ooreenstemming met die Woord van God nie. Dit kom egter vanuit 'n voorveronderstelling van die waarheid wat nie waar is nie. Hulle kyk met ander woorde nie deur die bril van die Woord na die werklikheid nie, maar met ander brille (bv. humanisme, tegnosentrisme). Ons as studente moet egter kan raaksien met watter brille hierdie wetenskaplikes kyk sodat ons kan insien wanneer 'n teorie (of wat ook al) gegrond is in die Woord van God of nie.
Tweedens begin ons al hoe meer leef in 'n tyd van groot relatiwisme. Dit beteken dat daar nêrens regtig absolute waarde te vinde is nie. Wat die een persoon sê wat waar is, hoef vir die volgende persoon glad nie waar wees nie. Dis basies 'n tyd waar niemand vir iemand kan sê wat werklik waarheid is nie. In hierdie opsig is dit belangrik (en dit is 'n groot troos) dat ons die Woord van God as absolute basis van alle dinge begin leer ken, ook in ons studies. Dat ons 'n

rotsvaste bodem onder ons voete het terwyl ons studeer.

Hierna het ds. Visser sy praatjie gehou. Die klem het geval op die houding van ‘n gelowige student te midde van sy medestudente en studiemateriaal by die Universiteite, Technikons of Kolleges; asook wat ‘n Gereformeerde student is. Die volgende hoofpunte was ter sprake:

1. Hoekom gaan ‘n mens studeer
2. Iets oor die geskiedenis van die universiteit
3. ‘n Gereformeerde student het kennis
4. ‘n Gereformeerde student vra
5. ‘n Gereformeerde student soek antwoorde
6. ‘n Gereformeerde student is op die geheel gerig

Ons hoop om die hele praatjie in die volgende uitgawe van die Olielamp te publiseer.

Pouse is altyd deel van enige vergadering – en was daar nie koek nie! Dankie vir almal wat so ywerig koek gebak (of gekoop…) het. Al was daar 38 studente, was hulle nog nie in staat om die koek op te maak nie. Ongelooflik! Hoop die volgende probeerslag is beter.

Na pouse het ons groepsbespreking gehad. Dit het oor die algemeen baie goed gegaan. Meeste van die studente het gevind dat dit baie stimulerend was. Die volgende stellings is bespreek:

1. Die Bybel is die handboek vir elke wetenskap.
2. ‘n Gereformeerde studentevereniging moet veral aan die filosofiese agtergronde van allerhande wetenskaplike kennis aandag gee.
3. Wetenskap word deur ‘n mens se geloof of filosofie beïnvloed.
4. Onder ons is die roepingsbesef by die keuse van ‘n studie en die studie self te min.
5. Jy studeer nie vir jouself nie maar vir ‘n ander/Ander.

Daarna was daar geleentheid vir terugrapportering in die groot groep oor wat in die kleiner groepies bespreek is. Hier en daar was daar debat oor ‘n paar punte. Al is sekere punte nog nie heeltemal duidelik nie, het dit tog goeie stof tot nadenke gegee waaroor later weer gepraat kan word.

Ds. Visser het afgesluit met gebed, en daarna was dit tyd vir sosialisering (dis die groot woord vir: gesellig met mekaar koffie / koeldrank te drink, die res van die koek op te eet, hewige debatte oor onopgelosde punte te voer, speletjies te speel, musiek te luister ens. ens.) Daar was dadelik al ‘n paar strategiese denkers wat om ‘n bord RISK vergader het. Sommige mense het gaan “sjoel” (dis amper dieselfde as rolbal in ‘n houtbak), ander het tafeltennis gespeel, vingerbord, veerpyltjies, Rummikub en verskeie ander bordspeletjies.

Dit was regtig ‘n groot sukses en weereens wil ons almal bedank wat hierdie aand moontlik gemaak het.

Die volgende vergadering sal DV op 10 September plaasvind (nie 30 Sept. soos voorheen genoem nie). Daar gaan ons die volgende stelling beredeneer: Jy studeer in ‘n droomwêreld. Is dit so? Is die teorieë en beginsels wat jy leer gegrond in die werklikheid? Hoe kan jy “agter die skerms” kyk om uit te vind waar alles vandaan kom wat jy leer as jy studeer?

Hou jou posvakkie en die aansteekborde dop vir nadere inligting. Sien julle daar!

VAN DORDTRECHT TOT VANDAG

Willemien Kleyn

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” - Johannes 3:16.

In die vorige twee Olielampe het ons gelees oor die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis. Nou is die derde en laaste belydenisgeskrif aan die beurt: die Dordtse Leerreëls. Hierdie drie belydenisgeskrifte, is ons Drie Formuliere van Eenheid. Alhoewel hulle al jare terug geskryf is, is hulle nog toepaslik vir die hedendaagse samelewing. Later meer hieroor.

Die Dordtse Leerreëls is opgestel deur die sinode van Dordtrecht (1618-1619). Hierdie sinode was spesiaal belê om te besin oor die dwaalleer van die Remonstrante (volgelinge van Arminius). Die kern van die Remonstrantse leer is dat ’n mens uitverkies word omdat hy glo. Ons kan hierdie leer saamvat in 5 punte:

- God het ons uitverkies omdat Hy voorheen geweet het dat ons sal glo.
- Christus het vir almal gesterwe en daardeur vir

almal versoening verkry. (Sien eerste gedeelte van Johannes 3:16).
- Ons is nie heeltemal verdorwe nie. Die mens het dus nog die moontlikheid om te kan kies tussen die goeie en die slegte.
- Aangesien ons kan kies, kan ons ook teen God kies en die genade, wat Hy ons betoon, afwys.
- Dit beteken dat dit vir die heiliges ook moontlik is om van God af te val.

Hierdie leer is basies 'n herhaling van Pelagius se leer. Pelagius het in die vyfde eeu geleer dat die mens nie verdorwe is nie. Hy kan dus self vir God kies en daardeur homself red. Hierdie leer kom die mens goed te pas. Ons wil mos die vermoë hê om onsself te kan red. Dit is nie lekker om heeltemal afhanklik te wees van God se genade nie.

Gelukkig het Christus sy kerk weereens beskerm teen hierdie dwaalleer. Die sinode van Dordtrecht is byeengeroep. Hierdie sinode was baie spesiaal, siende die feit dat hy afgevaardigdes van verskillende lande gehad het, en dus nie net van Nederland nie.

Die sinode het die Remonstrante baie kans gegee om hulself te verteenwoordig. Maar die Remonstrante het daardie kans net gebruik om die sinode teen te werk, sodat die voorsitter, ds Bogerman, hulle op die ou end weggestuur het.

Nadat die sinode vir omtrent 'n half jaar vergader het, was die Dordtse Leerreëls uiteindelik klaar en is hulle deur al die afgevaardigdes onderteken. Die Dordtse Leerreëls het die 5 bogenoemde punte bespreek. Dit staan ook bekend as "die vyf artikels teen die Remonstrante." Hierdie vyf artikels is:

- God se voorbeskikking: God het ons slegs uit genade uitverkies.
- Die dood van Christus en die verlossing van die mens deur sy dood: die verlossing is net vir die uitverkorenes (sien tweede gedeelte van Johannes 3:16).
- Die verdorwenheid van die mens: ons is heeltemal verdorwe.
- Die bekering van die mens tot God en die wyse waarop dit plaasvind: dit is God se werking in ons.
- Die volharding van die heiliges: dit is onmoontlik vir die uitverkorenes om permanent van God afvallig te word.

Julle sal miskien wonder oor my verwysing na Johannes 3:16. Ek het die teks gekies vanweë die gewildheid wat dit deesdae geniet. Die enigste probleem is dat net die eerste gedeelte bekend is: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het.*" Daar is baie mense wat hierdie teks vandag gebruik om te wys dat Jesus vir almal gesterwe het en dat mense net vir God moet kies om gered te word. Die ou dwaalleer steek weereens sy kop uit.

Laat ons onthou dat die tweede helfte van Johannes 3:16 vir ons wys dat dit net die gelowiges is wat deur Christus se dood gered word. En dat 'n paar verse later gesê word*: "hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel"* (3:18b). Met ander woorde, God het nie elke individu lief nie. Die "wêreld" is die kosmos (of fisiese wêreld), wat Hy geskep het. Hy het dit lief en daarom red Hy sommige mense wat Hy vantevore uitverkies het.

God het ons voorvaders die insig gegee om die Dordtse Leerreëls te kan skryf. Laat ons daardie leerreëls gebruik in ons daaglikse lewe en so, met God se hulp, trou bly aan die ware leer. Laat ons opkom vir wat die Bybel eintlik vir ons leer en nie val vir die aantreklike leer van die Arminiane nie.

Uit:
"Lê die Goeie Belydenis Af" deur ds R Visser
"In Grote Lijnen" deur ds H R Munneke

Voel jy ook so?

BEJAARDHEID: SEËN OF STRAF?

Annet Lubbinge

Almal het al wel gehoor van die sg. bejaardheids probleem. Die feit dat mediese kennis soveel uitgebrei het oor die afgelope jare, het veroorsaak dat die lewensverwagting ook gestyg het. Dit het tot gevolg dat daar nou baie meer bejaardes is waarvoor die staat moet sorg. Hulle word meestal net as 'n las beskou. Maar hoe moet ons as Christene teenoor hierdie "probleem" staan?

In die Bybel word daar baie gepraat oor ouderdom. So lees ons in Genesis dat mense baie hoë ouderdomme bereik het: Ada- 930 jaar; Set- 912

jaar; Enos-905 jaar, en so is daar nog ‘n paar voorbeelde. Ons lees van Methusalah wat die hoogste ouderdom bereik het nl. 969 jaar. Na die sondvloed word die gemiddelde lewensverwagting van die mense korter. Noag het nog 950 jaar oud geword, maar ons lees dat Abraham op ‘n hoë ouderdom van 175 jaar sterf. Al in die tyd van Moses het die mense ongeveer dieselfde ouderdomme as vandag bereik. Ons lees dit in Ps 90:10 waar Moses skryf: *Die dae van ons jare - daarin is 70 en as ons sterk is 80.*

Die Bybel skryf nie net histories of syfermatig oor ouderdom nie. Daar is ook duidelike normatiewe riglyne met betrekking tot ‘n regte houding teenoor ouderdom.

In die Bybel word ouderdom baie maal as ‘n seën beskryf. God belowe ‘n lang lewe aan die wat volgens sy gebooie wil lewe. In die vyfde gebod word gesê en belowe: *Eer jou vader en jou moeder dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.* In Gen 15:15 belowe God aan Abraham dat hy in goeie ouderdom begrawe sal word.

Nou kan die vraag maklik by ons as jongmense opkom - Is ouderdom rerig ‘n seën? As mens vandag by ‘n ouetehuis instap en mens sien al hierdie krom, krimpende figuurtjies wat dit soms baie moeilik het, met kragte wat afneem en al hoe meer dinge wat vir hulle
gedoen moet word, kan mens heimlik wens dat jyself nie so oud sal word nie.

Ons lees in die Bybel dat gebreke saam met ouderdom sal kom. In Johannes 21:18 lees ons dat Jesus vir Petrus sê: *Toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en ‘n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie.* In Prediker 12 skets die Bybel met pragtige beeldspraak die ouderdomsproses. (Gaan lees dit gerus).

Ons kan ‘n troos uit die Bybel kry dat die lewe nie by die dood eindig nie. Ons lees in
2 Korinthiërs 5:1 - *Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons ‘n gebou het van God, ‘n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.* Ongelowiges sien bejaardes as mense wie se lewe amper verby is en niks meer nie, terwyl ‘n gelowige bejaarde iemand is wie se lewe amper gaan begin, by God - die ewige lewe.

God vra van ons eerbied vir ouer mense. Eerstens in die 5de gebod - eer jou vader en jou moeder. Hieronder val nie net jou biologiese pa en ma nie, maar God vra dat ons eerbied sal hê vir alle mense wat bo ons aangestel is. In Lev. 19:32 staan: *Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van’n grysaard eer…*

Ons moet goed besef dat ‘n bejaarde, al is hy liggaamlik swak, tog van nut kan wees vir die samelewing. Ons moet nie vergeet hoeveel ons oumas en oupas al deurgemaak en ervaar het nie. Hulle het soveel meer lewenservaring waarvan ons baie kan leer. En as selfs dit nie meer moontlik is nie, het hulle altyd nog ‘n taak - ‘n taak wat ons almal het- nl. om te bid. Ons moet nooit die krag van gebed onderskat nie en enigiemand, hoe swak van liggaam ook al, kan dit doen. Bejaardes kan dus bid vir die jongmense, dat God ons take sal seën, maar ons moet dan ook nie vergeet om vir hulle te bid nie, dat hulle sal volhard en tot die laaste oomblik voluit vir God sal lewe.

Ons kom tot die gevolgtrekking dat ouderdom en bejaardes geen probleem mag wees nie. ‘n Bevolking met ‘n hoër aantal bejaardes is nog iets nuuts waaraan ons nog gewoond sal moet raak en waarvoor sekere aanpassings nodig is, maar ‘n probleem? Glad nie! Dit is ‘n seën vir die bejaarde self, asook vir die samelewing. ‘n Seën vir die samelewing deurdat ons meer van hulle lewenservaring kan leer as ooit tevore. En ‘n seën vir die bejaarde deurdat hy nou langer sy taak in die samelewing, in diens van God, sy naaste en skepping, kan verrig as enige van sy voorvaders.

Ons moet daarom ons hele lewe voluit ten opbou van God en ons naaste lewe. Al word ons ook oud en menslik gesien hulpeloos en moedeloos, mag ons weet dat God ‘n doel het met alles en almal, of ons nou jonk of oud is.

KINDERMISDAAD – PROBLEEM VAN ONS SAMELEWING?

Anita Zielman

Ons lees steeds meer berigte oor kinders wat misdade pleeg, bv. ‘n tiener wat by ‘n skool lostrek met ‘n geweer en ‘n paar mense dood skiet. Twee elfjarige seuntjies wat ‘n tweejarige seuntjie vermoor; en so kan ons aan nog veel meer misdade dink waar ‘n kind die misdadiger is.

Hoekom doen kinders dit? Wat dryf ‘n kind daartoe om sulke dinge te doen? Waarom neem kindermisdaad toe en waar kom dit vandaan?

Om antwoord op al hierdie vrae te kry sal ons moet kyk wat die Bybel sê. Daar word ondermeer ‘n opdrag gegee aan ons: (Deut. 11:18-22). Kinders moet opgevoed word volgens God se Woord. En as dit nie gebeur nie lees ons in Deuteronomiun 5:9 *“wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders...”*. Met ander woorde die voorbeeld wat die ouers stel word oorgedra na hul kinders. Ook in 2 Petrus 2:12-22 lees ons oor die valse leraar waarna geluister word en nie na God nie. Nee, dit is nie net ouers wat as valse leraars bestempel moet word nie, die valse leraar is ook ander invloede waaraan die kind blootgestel word.

Daagliks word kinders en jeug blootgestel aan die verdraaide menslike denke. Die kind se denke van reg en verkeerd word deurmekaar gegooi. Van kleins af word die kind blootgestel aan geweld op TV ens. So ‘n kind leef in sy eie verbeeldings wêreld, dit wat hy sien is vir hom werklikheid. As niemand vir ‘n kind leer dat dit wat hy sien eintlik verkeerd is, sal hy opgroei met die gedagte dat dit wat hy sien werklikheid is. M.a.w. hy kan maar mense dood maak, steel ens. want hulle doen dit ook op TV. En waarom gebeur kindermisdaad dus: die kind word nie meer opgevoed met die gedagte dat hy/sy ‘n verbondskind van die Here is nie (Rom. 8:14-16 en Hand. 3:25).

Soos Rick Stone sê in *Signs of the time: “The Christian message is basic that the more humankind thinks it has act together – the more things fall apart”*.
Wat moet Christene doen in die geval waar die wêreld oorgeneem word deur humanisme?

Ons ouers, onderwysers, gemeenskap der heiliges en verantwoordelike volwassenes moet aan die kinders lewensinhoud en -rigting gee. Kinders en alle Christene moet besef dat ons verbondskinders is wat in God se verbond lewe. In Romeine 8:14 lees ons: *“Almal wat deur die Gees van God gelei word, die is kinders van God*”.

Ja, ons is sondig van aard, maar steeds moet ons die verantwoordelikheid op ons neem om die sondes te bestry. Daar rus dus op ons as Cristene die plig om voortdurend te stry en te getuig teen die toestande wat struikelblokke kan wees vir die kind. Laat ons dit dus as ons plig aanvaar om te wees soos ‘n soutende sout en ‘n skynende lig. Laat ons lig uitstraal na die toekoms van môre.

Bronne.

- Jeug in botsing. - Dr. JH Coetzee
- De weg naar volwassenheid. – P Jaspers
- Bybelse konkordansie

Signs of the time; Two small boys. – R Stone

MENSE

Dirk Boon

Het jy al agtergekom dat as 'n mens in die stad rondloop met baie mense om jou heen, 'n mens baie vinnig geneig is om blitsvinnig elke persoon wat by jou verbyloop te beoordeel? “Hou van hom, hou nie van daardie een nie, hmmm – nie sleg nie, hou niks van daardie een nie….” ens ens. 'n Mens doen dit amper outomaties deur na baie faktore in een slag te kyk – kleredrag, gesigsvorm, manier van stap, stemtoon (indien gehoor), kleur van oë ens. Elke mens het die vermoë om in die eerste ontmoeting met iemand in een oogopslag te kan sê of jy van hom / haar hou of nie. Elke mens doen dit op grond van sy eie persoonlike kenmerke en kleure omdat niemand dieselfde is nie. En snaaks genoeg doen almal dit met almal. 'n Mens dink baie keer so en so van iemand, maar net so vinnig kan daardie

persoon jou beoordeel.

'n Mens besef nie dit nie elke dag nie, maar elke mens wat by jou verbystap daar in die stad is na die beeld van God geskape. Hoe verskillend hulle ook al is. Elkeen is ‘n beelddraer van die Here wat hierdie aarde gemaak het. Die Here het in prinsipe aan elkeen van hulle die kultuuropdrag gegee om Hom te dien en eer met alles wat hulle het. Maar nie almal van hulle weet daarvan nie. Dis natuurlik baie moeilik om dit te kan sê, want wie van ons mense het die vermoë om in die eerste oogopslag in iemand se hart te kyk? Wie kan iemand beoordeel sonder dat hy hom / haar eers behoorlik leer ken het? Maar tog kan 'n mens aan baie dinge sien dat baie mense daar in die stad nie die Here ken nie. Dit gee jou ‘n aanduiding van die mag van die sonde en die verderf in hierdie wêreld. Tog is hulle beelddraers van Hom. Iets om mee rekening te hou in jou vlugtige beoordeling van mense.

‘n Ander feit is dat elke mens wat daar in die stad verby jou stap, vir ewig sal bly voortbestaan. En nie net hy / sy nie, maar ELKE mens wat in hierdie wêreld se geskiedenis al ooit geleef het, vanaf die skepping tot nou by (amper) die jaar 2000. Elkeen wat ooit gelewe het sal ewig lewe. Óf in die ewige heerlikheid saam met ons Vader in die hemel, of in die ewige verderf. Hoe laat dit jou voel? 'n Mens voel dan tog op ‘n manier jammer vir die wat nie die hemel gaan haal nie. Ja, dan is ons baie gelukkig met die vooruitsig wat on s het. Iets om selfsugtig mee om te gaan? Tog iets om te onthou as jy mense beoordeel. Iets om te onthou as daar ‘n kollekte vir die Sending of Evangelisasie is. Iets om te onthou in jou gebed voor die Here wat elkeen van hulle geskape het.



PERSOONLIKE POLITIEK…OF CHRISTUS

Dirk Boon

Het jy al agtergekom dat dit soms gebeur dat mense in ons kerk nie bereid is om met mekaar te praat nie? Nie eers bereid is om mekaar te groet nie? Omdat daar persoonlike konflik is oor een of ander iets wat gebeur het, of oor ‘n meningsverskil? Dan dink jy baie keer as jy daarvan hoor – ag hoe kinderagtig! Hoekom kan hulle nie soos normale en volwasse mense met mekaar praat nie? Hoekom moet mense altyd so hardekop wees?

Dit is egter een van die moeilikste dinge in ‘n kerkgemeenskap: om te verhoed dat mense verdeeldheid skep en hulself te laat geld. As daar meningsverskille is oor sekere dinge, is mens baie keer geneig om te sê wat *jy* dink oor die saak. En wat jy dink is reg, omdat jy al die moeite gedoen het om daaroor na te lees, en omdat jy al die kennis het. En let wel! Dit wat jy dink is baie keer glad nie verkeerd nie! Jy het daaroor opgelees, of met kundiges daaroor gesels. Jou oplossing vir die probleem kan baie keer die regte een wees.

Maar die vraag is of ons *onsself* wil laat geld, of die wil van *Christus* wat die Hoof van die kerk is. Dit gebeur baie keer dat daar iets tussen mense gebeur het wat hulle uitmekaar gedryf het. Deur middel van persoonlike politiek in die kerk probeer mense dan om die ander een op ‘n indirekte manier terug te kry. Dit is egter inderwaarheid die wangebruik van die meganisme van Christus om sy kinders te versamel, om by ons eie persoonlike doelwitte uit te kom. As mens na Ef. 4 gaan kyk, kan mens agterkom hoe belangrik dit is om die eenheid van die geloof te bewaar. Mens kan sien hoe belangrik dit is om die liefde as uitsonderlike gawe in die kerk te *koester*. Liefde tot God en ook tot ons naaste - om die eenheid in die kerk te bewaar. Dan is dit in elke geval die Satan wat *deur* kerkmense verdeeldheid wil skep tussen gelowiges in die kerk. Hy wil hê dat mense nie met mekaar moet praat nie. Hy wil hê mense moet mekaar ‘vervolg’ *binne* die kerk. Hy wil hê dat mense hulself moet laat geld sodat ander daardeur ‘n klap gegee kan word.

Hoe laat Christus Homself geld in die kerk? Ons het onlangs weer nagmaal gehad. Die fees van die bevryding van die juk van die Satan, die wêreld en ons eie sondige natuur. Christus het die dood oorwin – omdat Hy ‘n welbehae het in ons as sy kinders. Hy laat Homself nie geld deur ons te vervolg oor ons

sondes nie! Lees maar Psalm 103: 10 - *"Hy handel met ons NIE na ons sondes en vergeld ons NIE na ons ongeregtighede nie"* (!!). Hy handel met ons volgens sy ondeurgrondelike liefde! Doen ons dit ook in die kerk met mekaar? Is ons liefde vir ons AL ons mede-VGK-gelowiges so hoog soos wat die hemel bo die aarde is? Vergeef ons mekaar se sondes, en gooi ons dit van ons af weg so ver soos die ooste van die weste verwyderd is? Is ons bereid om oplossings te soek vir dinge wat ons uit mekaar dryf, of ten minste baie vir sulke oplossings te bid?

Christus leer ons die selfverloënende liefde. Liefde wat die eie persoon op die agtergrond skuif, en die waarheid en liefde van Christus op die voorgrond. Daarsonder gaan die eenheid in die kerk aan flarde.

Die enigste manier om eenheid in die kerk te kry en te behou is deur na Christus op te kyk as 'Kurios' (Heer en 'Baas') van sy kerk. Die kerk is in die eerste plek *Sy* eiendom, nie een of ander persoon in die kerk s'n nie. Ons eenheid in Christus bind ons aan mekaar, omdat Hy die een is wat ons *almal* (nie die een bietjie meer as die ander nie) verlos het van die mag van die sonde en die dood. En al is daar 'n magdom van verskille onder ons, is dit nie 'n rede om verdeeldheid in die kerk te "kweek" nie (In Engels: "We shouldn't *kindle strife* between our fellow brothers and sisters in Jesus Christ). Want die Here het elkeen van ons gemaak soos wat ons is – om Hom te dien en eer. En daarvoor het ons ook mekaar nodig. Dan moet ons elkeen met sy unieke eienskappe leer om die selfverloënende liefde *uit te oefen*, en die waarheid binne die kerk na te jaag. Nie ons eie waarhede nie (al is hulle in lyn met die Bybel), maar die waarheid wat Christus aan ons leer!

Reaksie

KONGRES EN GETUIENIS: REAKSIE OP REAKSIE

Jaco de Wet

In Mei het ek 'n knuppel in die hoenderhok probeer gooi oor die getuienis van ons kongres na buite. Dit lyk asof ek per ongeluk die hond saamgegooi het – wat 'n reaksie! Soveel so dat daar in 'n anonieme artikel NET DRANK ASSEBLIEF (Jul 99) reaksie oor al die reaksie was. Anoniem vind dit onvanpas dat 'n minder belangrike artikel soos myne soveel reaksie uitlok, "maar oor werklike geloofsake en dergelike dinge, is dit maar redelik dooierig."

Is die getuienis van ons kerk dan nie werklik 'n geloofsaak nie? Kom ons hou op om vir onsself oor hierdie belangrike aspek van ons Christenwees te lieg. Wat ds. Heiberg in sy reaksie vermoed, glo ek is inderdaad die geval. Dat die "drank-op-kongres-saak" nie in isolasie staan nie, maar die barometer is van 'n hele gesindheid - of ons dienaars van die Evangelie wil wees of nie.

Mens kan dit duidelik uit die reaksies sien. Daar is dié wat krampagtig vasklou aan tradisie en heftig weier om hulself ongerief aan te doen ter wille van hul getuienis, en daar is dié wat die gesindheid van Paulus openbaar as hy in Filipense 4:5 skryf: *"Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word."* Die soort vriendelikheid wat hier bedoel word, is welwillend, grootmoedig en onselfsugtig. Dit neem ander in ag soos dit self in ag geneem (liefgehê?) sou wou word. Nie net sy eie vriende of gemeente nie, maar ALLE mense! (die '83 vertaling is nader aan die gees van die oorspronklike teks met: *"Wees inskiklik teenoor alle mense"*). Paulus leef hierdie spesiale soort vriendelikheid / inskiklikheid prakties uit as hy bv. sy Christelike vryhede prysgee ter wille van sy getuienis (1 Kor. 8:9-13 en 9:19-23).

Is dit nie in wese wat ek in my artikel bepleit het nie? Dat ons ons liefde vir ons naaste prakties sal begin uitleef deur ander in ag te neem, selfs ten koste van my eie vryhede. Ook ten opsigte van my gebruik van drank.

VOETSPORE

Die vakansie is nou verby en almal is weer baie besig. Ek hoop almal het goed uitgerus (dié wat vakansie gehad het) en is reg vir die volgende skof wat voorlê.



'n Paar van die jeug het 'n Sondagaand na kerk die koue aangedurf en by Fort Klapperkop 'n koffie-drink gehad. Dit was baie gesellig met die stadsliggies en die Uniegebou as uitsig. Dis amper asof mens lekkerder in die donker kan kuier (dalk om dat niemand kan sien of jy dalk bloos nie?).

Daar is die afgelope tyd 'n studentevereniging in Pretoria gestig. Ons eerste byeenkoms was 'n groot sukses (ongeveer 35 mense het opgedaag). Ds. JR Visser het met ons gesels oor die onderwerp: "Is jy werklik 'n student? (anders gestel: 'n gereformeerde student). Ons kon toe in groepsbespreking aktuele punte en stellings bespreek. Na die tyd het die jeug speletjies gespeel om mekaar beter te leer ken. Dankie vir Ds Visser wat sy bydrae gelewer het. En aan almal wat gekom het, ook die Johannesburgers.

Die einde van die jaar kom ook so stadig maar seker nader, en vir baie jeug beteken dit die kongres wat voorlê. Om dit 'n goeie en lekker kongres te maak, moet ons darem ook geld insamel. Die Pretoria-gemeente het eweskielik vlam gevat. Daar word ywerig planne gemaak en ons eerste jeugaksie was 'n groot sukses. Ons het die voorruite van motors gewas vir 'n donasie, terwyl die robot rooi was. Party het seker die eerste keer in hulle lewe 'n voorruit gewas, maar ons het tog lekker spangees gehad. Die wat ons die volgende keer wil help moet net vir Hannes Venter kontak.

Verder wil ek net nog sê: geniet die 2e helfte van die jaar. Lewe voluit, want die lewe op aarde is kort en spesiaal deur God aan ons gegee. Laat ons mekaar bystaan in moeilike tye en saam dankbaar wees in voorspoed.

Tot 'n volgende keer,
Die Voetspoor

VERJAARSDAE

Bethal	
Leclue Nienaber	12-Sep
Johannesburg	
Willem Swanepoel	2-Sep
Eunice Boessenkool	27-Sep
Kaapstad	
Lieneke Eefting	3-Sep
Ernst-Jan van Vondel	4-Sep
Christine van der Linden	20-Sep
Christine Scheltens	24-Sep
Maranata	
Reinier Raimond	15-Sep
Mirjam de Vries	16-Sep
Gerda van Dyk	18-Sep
Hein Smit	23-Sep
Reinier van den Bout	27-Sep
Pretoria	
Nonka Bijker	4-Sep
Marius de Jager	8-Sep
Sjaak Hagg	12-Sep
Herman van der Linden	13-Sep
Sonja van der Veen	19-Sep